**Woensdag 6 April**

**Skrifgedeelte: Genesis 50:15-18; HK Sondag 9, Antwoord 26**
**Fokusgedeelte: Genesis 50:20**

## Ons Vader beskik alles tot ons beswil oor ons

Uit die woorde van Josef in ons fokusgedeelte is dit duidelik dat God 'n plan met sy lewe gehad het. Alles wat hom oorgekom het: dat sy broers hom in 'n put gegooi het en daarna aan handelaars verkoop het; dat hy in Egipte vals beskuldig is en in die tronk beland het; dat hy deur die skinker vergeet is – dit was alles vir Josef baie pynlike ervarings. Dit was egter alles beskikkinge van God en deel van sy plan om Josef onderkoning van Egipte te maak sodat hy vir sy familie kon sorg.

Soos met Josef, het God ook 'n plan met die lewe van elkeen van sy kinders – ook met ons onaansienlike, sondige en miskien deur die modder gesleepte lewens. Die plan beteken dat God met alles wat Hy oor my lewe laat kom, of dit rykdom of armoede, vreugde of smart is, my wil skaaf, vorm en voorberei vir die saligheid wat Christus vir ons verwerf het en wat in die hemel vir ons in bewaring gehou word (1 Pet. 1:4)

Hierin is 'n ryk troos vir die gelowige met sy lewenstryd en lewensprobleme geleë. Hoewel ons weet dat God ons bewaar, word ons onder sy toelating en beskikking tog deur rampe en teëspoed getref, net soos Josef voor hy uit die tronk bevry is. Dan kom die vraag ook by die gelowige op: Waarom maak God so met my?

Dan kom die antwoord uit die Skrif en ons belydenis: God het met al hierdie dinge 'n plan en 'n doel in jou lewe. Daarom kan ons ook van die lyding en leed in ons lewens saam met Josef sê: "*God wou daarmee goed doen.*" God laat immers alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom. 8:28). Hy laat alles tot ons saligheid dien (2 Kor. 4:16-18). Hy beskik dit alles tot ons eie ewige beswil oor ons.

So suiwer God ons geloof "*sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus*" (1 Pet. 1:7).